NGUNI Beestelersgenootskap
Cattle Breeders Society

Tel: 051 448 7302/3 • Fax: 051 448 7304
Posbus/P.O. Box 506 Bloemfontein 9300
Email: louise@studbook.co.za / nguni@studbook.co.za • Web: www.ngunicattle.info

20 Augustus 2015

Geagte Inspekteur

Die 2015 inspeksie seisoen is nou alreeds verby. Baie dankie vir elke inspekteur wat gehelp het om al die inspeksies gedoen te kry. Die meeste inspeksies het goed afgeloop, dankie vir al die inspekteurs wat hul administrasie en eise gou afgehandel het. Al gaan dit ook hoe goed is daar ongelukkig altyd plek vir verbetering. Ek wil dit ook onder u aandag bring dat ons volgende jaar weer ‘n uitruil inspeksie jaar het. Ek wil graag ‘n paar probleme uitlig. Daar is ongelukkig ‘n hele paar inspekteurs wat nie reageer op navrae van Louise nie.

1. Ek besef dat dit moeilik gaan in die bedryf en dat elke inspekteur ook sy eie boerdery en/of besigheid het. Die Genootskap het ongelukkig ± R75,000-00 verloor omdat inspeksie lyste te laat ingestuur is(Na 31 MEI). Dit het veroorsaak dat daardie diere wat reeds geinspekteur is nog as kalfboek diere op die telers se per kapita lyste verskyn het en nie as geregistreerde diere nie. Die genootskap kon dus nie die diere se per kapita fooi hef nie. Ek doen ‘n ernstige beroep op elke inspekteur om die inspeksie lyste saam met al die nodige vorms en fakture so gou as moontlik aan die kantoor te stuur.
2. Louise stuur nou daagliks meer as 20 e-posse uit aan inspekteurs wat nie al die nodige of korrekte dokumente saam met die inspeksie lyste ingestuur het nie. Ongelukkig kry sy baie min reaksie op haar navrae. Hierdie jaar se inspeksie eise moet nog in hierdie boekjaar uitbetaal word. Ek doen ‘n ernstige beroep aan die skuldige persone om asseblief op haar navrae te reageer. Eise kan nie oorstaan tot die volgende boekjaar nie.
3. As ‘n inspekteur nie vir ‘n inspeksie wil eis nie, teken dit so aan op die inspeksie verslag en die inspeksie eis opsomming. Onnodige korrespondensie kan vermy word.
4. Maak seker u gebruik die regte vorms, ons gebruik nie meer die inspeksie eis vorm nie. Daar moet ‘n eis-opsomming wees plus die nodige fakture. Onthou u is ‘n onafhanklike kontakteur en moet u ‘n faktuur instuur vir u dienste.
5. Maak seker die kantoor het ‘n getekende kontrak van u, anders kan Louise u nie betaal nie.
6. Maak seker al die nodige vorms word saam ingestuur. 1. Daar moet inspeksielyste / inspeksieboek afskrifte wees. 2. Daar moet ‘n inspeksie verslag wees. 3. Daar moet ‘n inspeksie eis opsomming wees , dit is slegs ‘n opsomming. Maak seker al twee inspekteurs teken die vorms asook die teler. 4. Dan moet daar ‘n faktuur van elke inspekteur wees wat oor eenstem met die opsomming plus kwitansies vir tolgeld en etes indien nodig.
7. Ek wil ook vra dat dieselfde twee inspekteurs nie jaar na jaar dieselfde telers se inspeksies doen nie. Probeer maar roteer.
8. Indien die geriewe/fasiliteite waar die inspekteur moet inspeksie doen onvoldoende of in ‘n baie swak toestand is, lig die eienaar in en doen die nodige voorstelle. Indien dit die volgende keer nie verbeter het nie, rig ‘n skrywe aan die kantoor vir verdere opvolging.
9. Die eise met die inspeksieverslae moet binne ‘n maand na afloop van die inspeksie aan die kantoor gestuur word. Inspeksielyste word nie direk aan Stamboek gestuur nie. Eise gaan nie uitbetaal word indien dit na hierdie tyd ontvang word nie. Eise wat verkeerd en onvolledig ingevul is, sal teruggestuur word.

Ek hoop ek sien sommer ‘n groot klomp van u by die opknappings kursus aan die einde van die jaar by die AJV (12 en 13 November 2015). Ek weet dit gaan nie nou so goed met ons ras wat die pryse aan betref nie. Ons het ‘n goeie ras en die wiel sal weer draai. Hou moed en byt vas. Daar gaan ook verder planne bespreek word om oplossings vir ons probleme te soek, kom praat saam met ons. Ons het almal se insette nodig.

Archie du Plessis
Raadslid: Inspeksies